**29 Junie**

## Vir slegte tyding is ek nie bang nie

**Skrifgedeelte: Psalm 112**
**Fokusgedeelte: Psalm 112:7**

In vers 1 lees ons dat die gelowige wat die Here getrou dien en sy gebooie met groot vreugde nakom, geseënd sal wees. Ons lees dat sulke gelowiges se kinders 'n sterk mag in die land sal wees (vs 2) en dat daar oorvloed en rykdom in hulle huis sal wees (vs 3). Met sulke gelowiges sal dit werklik goed gaan. Maar nou weet ons uit ervaring dat die lewe nie altyd so werk nie. Die gelowige wat God se gebooie getrou en met vreugde nakom, se lewe is nie altyd geseënd nie. Dit gebeur dat hulle sommer so uit die bloute 'n slegte tyding kry (vs 7). Soms kan 'n mens se lewe in oomblikke verander.

Dan lees ons dat die digter sê dat hy nie bang vir hierdie slegte gebeure in sy lewe is nie. Alhoewel hy dalk emosioneel bang is, sal hy beslis nie verstandelik bang wees nie, want hy vertrou God met sy hele hart. Hy vertrou God met sy lewe. Die digter weet dat sy hele lewe in God se hand is (1 Pet 5:6). Hy weet dat niks sonder 'n Goddelike doel gebeur nie en dat alle slegte omstandighede uiteindelik dit wat goed is in jou lewe, sal bewerk (Rom 8:28).

God sal ook deur jou slegte omstandighede sy doel in die lewe van ander mense bereik (Gen 50:20). Wat God van jou verwag, is om Hom in die slegste omstandighede net te vertrou!

*Sing: Psalm 112:7-8 (Totius, p. 556)*

*Dr. Riaan Rheeder (Wesrand)*